

DIE WITROOS VAN ATHENE

Twee vaar beter as een. As die een val, kan die ander hom ophelp.
Prediker 4:9,10.

Een van die mooiste stories van medemenslikheid en onselfsugtigheid, gaan oor twee Griekse susters. Die oudste, Eugenia en haar jonger sussie Loanna, het saam met hulle ouers op die eiland Kreta gewoon. Ná die Tweede Wêreldoorlog het hulle na Athene verhuis. Die twee dogters was musikaal besonder begaafd en die ouers het hulle by die Konservatorium vir Musiek ingeskryf.

Vroeg in 1950 verlaat die vader die gesin en gou besef die ma, wat reeds sukkel om brood op die tafel te hou, dat sy nie meer vir albei se klasgeld by die Konservatorium kon betaal nie. Sy besluit toe om haar dilemma met die Hoof van die Konservatorium te gaan bespreek en verduidelik aan hom dat sy albei se klasbywoning sal moet staak. Hy spreek sy teleurstelling uit, aangesien albei die dogters besonder talentvol is, maar hy verduidelik dat die Konservatorium wel een se onkoste sou kon borg. "Maar watter een van die twee?" wou die ma weet. "Om eerlik te wees," verduidelik hy, "Eugenia is die meer talentvolle. Loanna het 'n geringe stembandprobleem en is nogtans baie goed, maar Eugenia sal dit nog verder as haar jonger sussie bring.

Daardie aand moes sy die nuus aan die twee oordra en moedig vir Loanna aan om 'n sekretariële kursus te volg, want daar sou genoeg geld daarvoor wees.

Laat daardie nag maak Eugenia haar ma wakker. "Mamma, musiek is vir my ontsettend belangrik, maar vir Nana is dit haar hele lewe. Laat my liever môre vir die sekretariële kursus inskryf en laat Nana met haar Musiekstudies voortgaan."

En daarom woon daar vandag 'n 89 jarige ou Griekse oomatjie in 'n ouetehuis-kamertjie in Athene, met mure vol foto's van haar jonger sussie. Eenmaal 'n maand word 'n bos wit rose by haar kamer afgelewer en haar verblyf en lewenskoste word ten volle gedek deur 'n platemaatskappy, uit die tantieme van haar jonger sussie se plateverkope.

Die wêreld weet skaars dat hierdie jonger sussie, die bekende **Nana Mouskouri** geword het, met haar gewilde lied, **The White Rose of Athens**. Alles deur die toedoen van 'n onselfsugtige ouer suster.

"WIE IEMAND ANDERS TEEN 'n OPDRAAND OPHELP, KOM SELF BO" (Henri JM Nouwen)

Deur: James Horne



DIE RONDEBOSSIE

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.

We are an inclusive family which reaches out to our community with joy

Tel: 021 686 4315 E-pos: ngkrbos@mweb.co.za Besoek ons by: www.ngrondebosch.com

ABSA Claremont, Rek 2870141125 Tak 632005 Swift Code: ABSAZAJJ

Welkom aan die Mullers



Ons heet Johannes en Deborah (Debs) Muller hartlik welkom by ons gemeente. Hulle het ook op 1 Junie die ouers van klein Walt geword. Dit is baie lekker om weer foto's en familienuus hier te kan plaas.

Gebed vir Julie 2021

Ses maande is verby, Here. Ek dank U vir alles wat ek kon bereik, vir alles wat ek kon doen. Ek dank U dat ek ook in hierdie ses maande goed kon doen aan my medemens. Ek dank U dat ek U kon liefhê en dat U my ook liefgehad het.

Ek wil U vra om die laaste ses maande van hierdie jaar ook vir my sinvol te maak.

Gee my die insig om elke situasie te kan hanteer. Bewaar my van hoogmoed en eersug. Hou my 'n eg nederige mens sonder aangeplakte vroomheid en skynheiligheid. Laat u werk nie deur my toedoen skade ly nie. Laat ek vir niemand 'n struikelblok wees nie. Hou my naby aan U. Amen.

Uit: *Met God Vandag*,

Ferdinand Deist

Hiermee NG Rondebosch se POPIA-handleiding soos goedgekeur die die Kerkraad ten opsigte van ons gemeente.

POPIA HANDLEIDING

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK RONDEBOSCH

Die saakgelastigde en administratiewe beampte is verantwoordelik vir die insameling van datasubjek/lidmaat se persoonlike inligting en veilige bewaring daarvan. Winkerk word vir die stoor van hierdie inligting gebruik. Die Leraar het magtiging tot beperkte inligting en moet aanvra vir volle toegang tot data.

Inligting wat bekom moet word:

- Volle name, van en noemnaam van datasubjek (lidmaat).
- Woonadres
- Telefoonnommers
- Huwelikstatus
- Geboortedatum
- Vorige gemeente
- E-pos-adres
- Lidmaatstatus
- Die toestemming van lidmate moet verkry word om die inligting te versamel, te berg en te gebruik.
- Toestemming moet van ouers verkry word wanneer inligting van minderjariges hanteer word.
- Wysigings van inligting verkry vanaf lidmate.

Aanwending van gestoorde inligting ten opsigte van die gemeente se lidmate (datasubjekte):

- Gemeentefoto's en kontakbesonderhede, waar van toespasing, op Bulletin en Gemeentebled: Die Rondebossie.
- Advertensie vir gemeentebyeenkomste, indien datasubjek as organiseerder optree.
- Om met lidmaat besoeke/afsprake te reël en vir die algehele omsien van gemeente se lidmate.
- Vir die reël van vergaderings wat deur die gemeente gehou word.
- Datasubjek se besonderhede word ook tussen gemeentes oorgeplaas, in die vorm van 'n Attestaat/Lidmaatbesonderhede.

Metodes wat gebruik word om inligting te berg en te beveilig:

- Skriftelike data: Lidmaatskapvorme word gedruk en geliasseer. Hierdie dokumente word in 'n kluis bewaar.
- Elektroniese data: Enige data wat ontvang word, word in Winkerk gestoor en die oorplaas van Attestate/Doopseëls word met 'n wagwoord beveilig.

Leesrooster vir Julie 2021



4 Julie 2021 Sesde week in Koninkrykstyding	Markus 6:1-13	En toe die sabbatdag aanbreek, het Hy die mense begin leer
	2 Sam 5:1-5	Jy moet vir my volk 'n herder wees;
	Ps 48	Die Here is groot. Aan Hom kom al die lof toe.
	2 Kor 12:2-10	Ek weet ook dat hierdie man weggeruk is na die paradys toe.
11 Julie 2021 Sewende week in Koninkrykstyding	Efes 1:3-14	Lof aan God vir die Here se genade
	2 Sam 6:1-5, 12b-19	Dawid bring die ark van die Here in Jerusalem
	Ps 24	Die Here is die magtige koning
	Mark 6:14-29	Verskillende menings oor Jesus en die dood van Johannes die Doper
18 Julie 2021 Agtste week in Koninkrykstyding	Efes 2:11-22	Lewe uit die dood
	2 Sam 7:1-14a	Dawid wil vir die Here 'n huis bou
	Ps 89:20-37	Die hemel loof u wondermag
	Mark 6:30-34, 53-56	Jesus kry 'n skare jammer en genees mense in Gennesaret
25 Julie 2021 Negende week in Koninkrykstyding	Efes 3:14-21	Paulus se gebed vir die Efesiërs
	2 Sam 11:1-15	Dawid pleeg owerspel en moord
	Ps 14	God is aan die regverdige se kant
	Joh 6:1-21	Die vermeerdering van die brood en Jesus loop op die water

Iemand sê in die week vir my ons hou van 'n Disney teologie. Ek vra: "Verduidelik wat jy bedoel met 'n Disney teologie." "Ons is almal altyd die tollenaar wat te nagekom word, nooit die Fariseër nie. Ons is altyd Israel en nooit Egipte nie. Ons is altyd die barmhartige Samaritaan, nooit die priester of Leviet nie!" antwoord die persoon my. Dit laat my dink aan die uitdrukking "ons hou van 'n McDonald's godsdiens". Alles moet maklik verteerbaar wees. Ek wil glo soos 'n kind (my geliefde verwysing wat nie in die Bybel voorkom nie). Ek lees die Bybel net soos dit daar staan. Ek weet ons almal se Godservaring (spiritualiteit) verskil. My spiritualiteit is moontlik vir jou net so vreemd. Die vraag is: "Help jou belewenis van God en jou lees van die Bybel om jou deur die huidige krisis te dra?" Nog 'n vraag: "Hoe help jou gebedslewe jou om Covid-19 te hanteer?" Miskien dink jy ek is moedswillig of wil jou nou oordeel oor hoe jy glo. Glad nie! Ek besef net die Covid-krisis het my anders na God laat kyk. Trouens, my Godsbelewenis is nou, 15 maande in Covid in, totaal anders. Die ganse skepping waarin ons onself bevind, is God-deurdrenk. (Ps 19:2-5 "*Die hemelruim verkondig die eer van God en die hemelkoepel maak die werk van Sy hande bekend. Dag ná dag bring dit 'n boodskap voort en nag ná nag deel dit kennis mee. Alhoewel daar geen spraak en geen woorde is nie en hulle stem nie hoorbaar is nie, gaan hulle boodskap uit oor die hele aarde en hulle woorde tot aan die einde van die wêreld.*") Die skepping is konstant Godbarend terwyl ons oppad is na 'n nuwe wêreld waar daar geen trane is nie. Rom 8:22 "*Ons weet immers dat die ganse skepping tot nou toe saam met ons sug, ja, in geboortepyne verkeer.*" In hierdie gebroke werklikheid sal virusse en dood deel van ons bestaan wees. Dit weet ek egter: God hou vas en huil saam. Daarom kan ons ook saam met God huil.

Ek is dankbaar dat ek in hierdie onseker tyd die dissipline van stilte beoefen. Nou, meer as ooit, besef ek dat woorde later opraak, woorde om te bid, woorde om te troos. Dan is ek dankbaar vir tekste soos Psalm 46:10 "Be still, and know that I am God; ..." Die woordjie *wees stil* het verskeie betekenis-moontlikhede. Almal bevat hierdie element van om *net te wees*. Ek het 15 maande gelede gesê ons is nou in ons kloosters soos monnike en nonne. Ons kan nou niks doen nie, behalwe om by God te sit en net te wees. Trane is pynlik, maar trane is die gawe van die Gees om die pyn en seer uit ons te spoel.

Dit vra moed en geloof om vrylik te kan huil, wetende ons word getroos. Ons harte gaan uit na ons lidmate, vriende en familie wat in hierdie dae nie net gebuk gaan onder Covid nie, maar geliefdes aan die dood moes afstaan.

Groete
Dr Johan van den Heever

Dataretensie:

Die gemeente sal, van jaar tot jaar, volgens die Riglyne vir Bewaring soos deur die Argief gepubliseer, data-retensie hanteer. Die Wet bepaal ook dat inligting gehou mag word as dit benodig word vir die funksionering van die organisasie.

Vernietiging van data:

Vernietiging van data sal slegs plaasvind met die toestemming van die Kerkraad. Dit is egter die Inligtingsbeampte se verantwoordelikheid om toe te sien dat die volgende vernietig word:

- * Oorbodige duplikaat dokument.
- * Duplikaatuitdrukke wat as werkskopieë gebruik is.
- * Lyste met inligting wat nie meer benodig word nie.

Elektroniese data: (rekenaars, dataskywe en geheuestokkies):

- * Rugsteundata sal vernietig of oorgeskryf word, om duplikasie van inligting te voorkom.
- * Elektroniese kopieë van inligting wat saamgestel is vir 'n ander doel, maar waarvan die oorspronklike inligting reeds in die databasis vasgevang is.
- * Vernietig ou hardeskywe wat in onbruik is.
- * Digitale sanitasie sal gebruik word om rekenaartoerusting skoon te hou of waar nodig, moet ou toerusting vernietig word.

Harde kopieë: (papierkopieë):

- * Geen onnodige papieruitdrukke van persoonlike data mag gemaak word nie.
- * Ongebruikte of ou inligtingstukke moet verbrand, versnipper of verpulp word.

Voorwaardes: Deelname deur datasubjek:

Die datasubjek (lidmaat) het die reg om:

- toegang te hê tot persoonlike inligting wat oor hom/haar gehou word en mag vra om toegang te kry tot eie persoonlike inligting.
- te versoek dat regstellings of verwyderings gemaak word op eie persoonlike inligting.
- beswaar te maak teen die verwerking van persoonlike inligting.

NG Gemeente Rondebosch stel hiermee vir **Jacobus Paulus Gustavus Wilhelmus Daniel Venter** aan as Inligtingsbeampte en alle wetgewing rondom die POPIA en PAIA wette sal deur hom hanteer word. Hy sal ook enige navrae in hierdie verband hanteer. Kontak hom gerus: 021 686 4315 of 083 765 3302

GEBEDSKALENDER VIR JULIE 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
				1 Bid vir 'n goeie winterseisoen, vir boere en vol damme	2 Ons onthou die haweloses en dié in swak behuising	3 Bid vir die Jaguasi-familie en hulle planne om na SA te kom
4 Bid dat die dagstukkies vir ons sal help met die pad van liefde	5 Bid vir die VGK Rondebosch gemeente en spesifiek vir Ds Bennie Nichols	6 Bid dat ons die skoonheid, goedheid en waarheid in ander sal sien	7 Bid vir die werk van Huis Luckhoff veral die Dementia afdeling	8 Bid vir U-turn en hulle werk onder die armes en hongeriges	9 Bid vir die skool kinders wat vandag met vakansie gaan	10 Bid vir Benson Sakala en hulle werk in Kenia
11 Bid vir InVia en hulle bediening	12 Bid dat die inentingsprogram teen Covid-19 so vinnig as moontlik sal vorder	13 Bid vir Rondebosch NGK, al sy personeel en aktiwiteite	14 Bid vir Joan & Wessel en hulle werk in Angola	15 Bid vir ons regering, dat hulle wysheid en waarheid sal ontvang	16 Bid vir Huis Rosedon en alle werk onder gestremdes	17 Bid vir Danie en Ester in Masedonia en hulle paspoort probleme
18 Bid vir die eenheid en liefde in ons families	19 Mag ons die Here prys vir al Sy goedheid teenoor ons gemeente	20 Leer ons om stil te word en op God te wag	21 Bid vir alle bejaardes wat dikwels onder moeilike omstandighede woon	22 Bid vir die siekes in ons gemeente	23 Bid dat daar werk geskep sal word vir die werklooses	24 Bid vir die polisie en gesondheidsdienste in ons omgewing
25 Bid dat ons sal stil word en God se stem sal hoor	26 Bid vir die skole, wat heropen. Dat die kinders veilig sal wees ten spyte van die Covid-19 pandemie	27 Bid vir Gwen en haar werk in die gemeenskap	28 Leer ons om te alle tye liefde te beoefen	29 Bid vir Badisa en vir alle behoeftige kinders	30 Mag ons die Here verheerlik deur ons lewens	